

# Unieke Studente-Identifiseerder

## Inligting vir ouers en versorgers

---

Die Australiese Regering vereis van almal wat nasionaal erkende opleidingskwalifikasies onderneem om 'n unieke studente-identifiseerder (USI) te hê.

Dit sluit skoolleerlinge in wat inskryf vir 'n Beroepsonderwys- en Opleiding (Vocational Education and Training) (VET) kwalifikasie as deel van hul skoolprogram.

### Wat is 'n USI?

'n USI is 'n individuele onderwysnommer wat 'n persoon lewenslank behou. 'n USI maak dit moontlik om toegang tot 'n persoon se opleidingsrekords en -resultate te verkry in 'n aanlyn rekening wat hulle beheer.

Dit word vereis by inskrywing vir verdere studie by enige opleidingsorganisasie.

Dit is gratis om 'n USI te bekom en neem ongeveer 5 minute. Toegang tot 'n aanlyn USI-rekening kan enige tyd verkry word.

### Hoe kan 'n student 'n USI skep?

1. Voordat die aansoek begin het die student twee van die volgende vorme van identifikasie nodig:
  - Bestuurslisensie
  - Medicare Kaart
  - Australiese paspoort
  - Visa (met nie-Australiese paspoort) vir internasionale studente
  - Australiese Geboortesertifikaat; let asseblief daarop dat 'n uittreksel van 'n geboortesertifikaat nie voldoende is nie
  - Sertifikaat van Registrasie Deur Afkoms
  - Burgerskapsertifikaat
  - ImmiCard

Vir verdere inligting oor vorms van identifikasie gaan na

<http://www.usi.gov.au/help-centre/proof-of-ID/Pages/proof-of-ID.aspx>

Die besonderhede wat ingevoer word, moet ooreenstem met die besonderhede op die vorm van identifikasie wat gebruik word. Die gebruik van een van bogenoemde vorms van ID wanneer 'n USI geskep word, stel die regering in staat om die persoon te identifiseer, sodat hulle kan seker maak dat die USI werklik uniek aan daardie persoon is.

2. Maak seker dat die student se persoonlike kontakbesonderhede gereed is, soos 'n eposadres.
3. Gaan na die USI-webwerf <https://www.usi.gov.au/students/get-a-usi>.
4. Klik op die 'Click here to Get your USI' knoppie en volg die stappe.

5. Indien die student 'n VET-kwalifikasie doen, moet die USI aan die student se skool verskaf word.

U kan inligting oor die USI in ander tale vind by <https://www.usi.gov.au/languages>.